

# KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



## Matteus 5 vers 14

Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien  
en jul Vader wat in die hemel is, verheerlik

### **Kortpad**

**Deurdankoffer vir Getuienis**

**Teebeurt: Papawer sel**

- 03 Februarie 08h30 Eietydse diens (dr Deon Els) JD le Roux word gedoop
- 03 Februarie 08h30 Kleuterkerk
- 03 Februarie 09h45 Kategese
- 03 Februarie 10h00 Klassieke diens (dr Deon Els)

### **Nog belangrike datums**

**Kommunikamma 3 Februarie 2019**

## **Saam op pad vir Christus**

**Preke:** Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

**Kyk gerus na die Bekendstelling van Getuienisaksie wat vanjaar op die volgende bediening fokus:**

### **Jerusalem**

**Kleinskool Inisiatief** kan getuig van hoogtepunte [baie kinders maak 'n oorgawe, baie leerders presteer puik en is ook naskool suksesvol] én laagtepunte [alle werksaamhede op die perseel moes as gevolg van die bendegegeweld gestaak word tot April]. Verslag Januarie 2019

**WWJD** Ons sien ons bediening nie as 'n projek nie, maar as 'n passie en daaglikse lewenstyl.

### **Judea**

**Cala** Dit gaan goed met Derik Myburgh-hulle. 2019 het afgeskop met opleiding vir 48 pre-primêre juffrouens en hy probeer Diaconia-werkwinkels in die ring reël. Cala Verslag Januarie 2019

### **Samaria**

**Gospel for Asia (SA)** se Kersfeeskatalogusprojek was ongelooflik geseënd. ± 120 000 e-posse word maandeliks na ondersteuners en vriende gestuur. GfA se gebed vir 2019 is dat God vir ons 10 000 plus studente sal stuur om ons Bybelskole regoor Asië te vul.

**There4-Bediening** loof die Here vir voltydse spanlede wat Hy vanjaar vir hulle gestuur het. Terugskouend dank hulle Hom vir radio-onderhoude, optredes in SA en bediening in die buiteland. Soortgelyke aksies asook kaartjiemaak-werkwinkels word beplan vir die eerste kwartaal van 2019

**FEBA Radio** Die jaar was gekenmerk deur gewelddadige ekstremistiese aanvalle en lyding vir die plaaslike mense naby Radiostasie Nuru in Mozambiek. FEBA Radio dank die Here vir die lewens van miljoene Yao-Moslems wat aangeraak sal word deur die uitsendings vanaf die nuwe stasiegebou van Radio FOT op Lichinga.

**Week van Gebed: 10 tot 13 Februarie 2019**

Johan Smith, wat 'n hart vir gesinne het, kom lei ons Week van Gebed met die tema: Gesinne - oase of woestyn? [Program](#)

### **Sake vir gebed**

Ons prys die Here vir toegewyde polisiemanne en -vroue wat in die benedegeteisterde Noordelike Gebiede werk. Ons bid vir PE-Noord se beroepingsproses en dra die mense van Zimbabwe op aan die Here. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

### **There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Afghanistan**

Bid vir die [gelowiges in Afghanistan](#) wat in isolasie leef. Baie van hulle is heeltemal afgesny van kontak met ander Christene. **Foto**

### **There4-Bedieninge bied 2de Geestelike Groei-kursus aan**

Alle dames is welkom om ons volgende Geestelike Groei-kursus by te woon, selfs al het jy nie die eerste kursus bygewoon nie. [Kies jou tydgleuf](#) en laat weet asseblief ons kantoor by 041 360 1946 indien jy dit kan bywoon.

### **CMR Terugvoer en behoeftes**

Die CMR bedank almal wat dit moontlik gemaak het om 350 individue te voorsien van Kersfeesmaaltye. Hulle [benodig spesifieke items](#) en voedsel vir babas, kleuters, volwassenes en bejaardes.

### ***Padkos* Moenie aanhoudend terugkyk nie**

"Hindsight is a perfect science." So lui die Engelse spreekwoord. Dis maklik om na die tyd te weet wat ons of ander mense moes gedoen het in enige situasie. Ons kan na die tyd van beter weet, of ons kan onself verwyt oor ons keuses. Daar's egter 'n derde opsie: ons kan kies om vrede te maak met ons keuses. Wanneer ons op God se pad leef, dan maak ons ons keuses in Sy teenwoordigheid. Nee, ons bid nie maar net in die algemeen vir God se wil wanneer ons besluite neem nie; ons gebruik doelbewus die roetewysers van Kolossense 3 vers 17 en 3 vers 23. Ons stel die Here se eer en die belange van ander mense eerste. Dit is ons rigshoer. Dit is ons koersaanwysers. Ons soek nie ons eie eer of voordeel nie. Vir seker beteken dit nie dat ons in die toekoms net goeie keuses gaan maak nie. Want ons is net mense. Ons weet nie aldag wat die regte ding is om te doen nie. Maar dan kan ons minstens na die tyd met ons keuses saamleef. Want ons weet ons het dit elke keer gemaak met die bedoeling om God se Naam in ere te hou en ander mense te help.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert [www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)]

### ***ku*bergroete tot volgende keer**

[2019-02-03]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.  
[www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)